


a.



TESTAMENT:

Ek, die ondergetekende,

ALFRED EDWA DE KLERK MUIR

gehu buite gemeenskap van goedere met SUSANNA CAROLINA MUIR, gebore JANSEN en tans wonende te Umgeniweg, Ema-
rentia, Johannesburg, het dit goed gedink my Testament
te maak en om oormy met die dood na te late goedere
te beskik, soos ek hiermee doen, terselfdertyd her-
roepende en vernietigende enige testamente of stukke
van Uiterste Wil deur my of gesamentlik of afsonderlik
gemaak voor datum hiervan en begerende dat hierdie

As Getuie:

1. H. J. De Waal
2. b. Ebelich

Akte

I. M. M.
Testator

-2-

Akte gelees en beskou sal word my Testament en Uiterste Wil te wees.

Nou tot verkiesing van erfgename oorgaande so is dit dat ek hiermee benoem en aanstel as my enige en universiele erfgename van al my goedere, roerend so wel as onroerend, my Eggenote tesame met my kinders uit my eerste en tweede huwelike gebore, in gelyke dele en by vooroorlyd~~en~~ van een of meer van hul dan hulle wettige afstammelinge - staaksgewyse.

Alvorens enige erfgenaam van my sal erf soos hierbo uiteengesit is dit my wil en begeerte dat 'n bedrag van Een Duisend Pond (£1,000) eers sal betaal word aan my tante MARTHA PETRONELLA KLINGBERG, gebore de KLERK en as sy my vooroorly dan sal my gehele boedel onder my eersgenoemde erfgename verdeel word.

Ek hou die reg uit om hierdie my testament ten eniger tyd te verander, ditsy aan die voet hiervan of by aparte Akte begerende dat enige van sulke veranderinge wat onder my eie handtekening geskied gelees en beskou sal word asof dit in hierdie my Testament ingevoeg is.

Aldus gedoen en geteken te op hierdie dag van September 1950 in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuie wie beide teenwoordig was by die tekening hiervan.

As Getuie:

1. J. de Wet
2. G. Bleekch

J. de Wet
Tastateur.